# FRITZ KRAMPE

Met hierdie uitstalling, betuig ons hulde aan die kuns van Fritz Krampe wie se tragiese en ontydige dood Suidwes-Afrika van een van sy groot kunstenaars ontneem het. Krampe was in die fleur van sy lewe toe hy gesterf het, en dit is ongetwyfeld dat, as hy gespaar was, hy nog verder die kuns van Suidwes-Afrika sou verryk het. As sodanig sal hy altyd 'n belangrike plek in die kunsgeskiedenis van Suidwes-Afrika beklee.

Krampe is op 19 Desember 1913 in Berlyn gebore. Hy het tot 1931 aan die Akademie van Beeldende Kunste, onder Professor Ferdinand Spiegel gestudeer. Terwyl hy nog 'n student was, het hy as bemanningslid by 'n Noorweegse vragskip aangesluit, wat stadig sy koers na Noord-Sibirië gevolg het. Die reis het drie maande geduur. Waarskynlik is dit hierdie reis wat sy illustrasies vir Herman Melville se klassieke „Moby Dick" — wat spreek van lewe, krag en beweging, geïnspireer het.

Nadat hy in Munich studeer het, het Krampe teruggekeer na Berlyn waar hy 'n jaar militêrediens gedoen het. In 1935 is hy aanvaar as 'n „meester leerling" by die Preussische Staats-Akademie der Bidenden Künste. Hy het ook noemenswaardige boek-illustrasies vir „Moby Dick", „Peer Gynt" en „Reineke Fuchs" gedoen.

In 1939 het Krampe in die Duitse leër in Poland en Frankryk diens gedoen. Hy het vrywilliglik by Rommel se Afrika Korps aangesluit en is in 1941 deur die Australiërs by Tobruk, gevange geneem. Hy is na kampe vir krygsgevangenes in Egipte, Palestina en uiteindelik na Australië gestuur waar hy vyf en 'n half jaar in 'n kamp in Victoria deurgebring het. Hy het homself besig gehou deur te skets en te skilder, en twee valke mak gemaak, wat hy op Middeleeuse styl afgerig het. Hy het dit later beskryf in geïllustreerde artikels.

Na die oorlog het Krampe teruggekeer na Duitsland waar hy op 'n paar van sy vroeëre sketse in die bom-beskadigde Akademie in Berlyn afgekom het. Hy het opdrag gekry om boek-illustrasies oor dierelewe te doen. Maar die trekgees het hom weer oorweldig en hy het besluit om na Australië terug te keer. Ter elfder ure het hy besluit om na Suid-Afrika instede Australië te reis. Hy het in 1950 in Kaapstad aangekom. By sy aankoms in Kaapstad het hy 'n opdrag ontvang vir 'n aantal muurskilderye. Kenmerkend het hy dit uitgebeeld: — naturelle op 'n leeujag, 'n groep Arabiere op perde en twee naturelle beeswagters wat hul beeste aanja. In Junie 1951 het hy 'n uitstalling van tekeninge, waterskilderye en litograwe gehou. Daarna het hy na Suidwes-Afrika vertrek en hom in Windhoek gevestig.

Krampe is deur Suidwes-Afrika betower, en het die gebied deurkruis. Hy was veral aangetrokke tot die Noordelike gebiede waar grootwild in oorvloed was. Hy het die Etosha-Wildtuin liefgehad en na sy besoeke het hy gewoonlik aanbevelings gedoen vir die ontwikkeling van die Pan. Hy het verskeie artikels oor dierelewe vir die „Allgemeine Zeitung" geskryf.

Krampe het die grootwild met 'n breë en dinamiese insig geskilder, waarin hy kennis openbaar het van hul gedrag. In sy skilderye is hulle kragtige, oorspronklike skepsels, aasvoëls met wrede onverbiddelike geduld, wildebeeste op vlug in 'n stofwolk, buffels wat uit 'n moeras storm, kameelperde wat, tenspyte van hul koddige fatsoen met grasie beweeg, volstruise en olifante. Sy groot skilderye het plek gemaak vir uitstaande skilderwerk en sy diere het die skilderdoek gevul. Hy was heeltemal onverskrokke en selfs onverskillig by ontmoetings met olifante.

Fritz Krampe het groot gedink en groot geskilder. Sy onderwerpskeuse was gewoonlik nie geskik vir konvensionele sitkamers nie — vegtende gorillas, aasvoëls aan die vreet, 'n luiperd wat aan die karkas van 'n bok skeur of die doodstryd van 'n olifant. Hy was 'n uitstekende tekenaar en grafiesekunstenaar, wat veel gesê het met 'n paar raak streke. Dalk was hy op sy beste in sy grafiese werke.